# Huwelik Jean & Gené

6 Maart 1993.

Skrif: Kolossense 3 vs 12–14

Teks: Kol. 3 vs 14: "Bo dit alles moet julle mekaar liefhê. Dit is die band wat julle tot volmaakte eenheid saambind."

Inl: Dis vir my 'n groot voorreg om as oupa van die bruid hierdie huweliksbevestiging saam met ds J.S. te kan waarneem. Die feit dat die plegtigheid hier in die N.G. Kerkgebou van Aasvoëlkop plaasvind bring ook mee dat dit vir Ilse as ouma en myself baie herinneringe oproep van die bediening wat ons hier gehad het.

Om iemand lief te hê is 'n waagstuk – 'n risiko. Want liefhê beteken dat jy jou hart, d.i. die diepste van jou menswees, oopmaak en blootstel, ja, dat jy dit in 'n sekere sin weggee aan iemand anders. Wesenlik sterf jy dus aan jouself, sodat iemand anders (dié persoon wat jy liefhet) kan leef. Om dit te doen is 'n waagstuk.

Maar so 'n daad is ook 'n wonderwerk, want sodra jy dit waag om jouself op hierdie manier te verloor, ontdek jy dat dit nie 'n verlies was nie maar 'n wins. Want as die persoon wat jy liefhet en aan wie jy jou liefde gee, jou ook liefhet en in opregtheid daardie liefde ontvang, dan vind jy dat daardie

persoon jou liefde plus sy of haar liefde, aan jou teruggee! Die vrug van die waagstuk maak jou dus ~~is dus~~ nie armer ~~armoede~~ nie, maar ryker! ~~rykdom!~~

Dis die boodskap wat Paulus hier in Kol. 3: 14 aan die gemeente in Kolosse oordra. Hy sê in soveel woorde: dis ~~dit~~ die geheim van Christenwees: "bo dit alles moet julle mekaar liefhê. Dit is die band wat julle tot volmaakte eenheid saambind"

Wat Paulus hier sê van die gemeente is dus ook waar van elke huwelik wat in die Naam van Christus gesluit word. Ek dink almal van ons stem saam dat die krag van 'n liefdesverbintenis, ook in 'n huwelik, nie lê in formele, wetlike verbintenisse of huwelikskontrakte nie — hoe nodig dit ookal is om sulke reëlinge te hê om goeie orde te handhaaf. Formele verbintenisse, ook kerklike verbintenisse en beloftes, kan in sigself nooit 'n waarborg of 'n versekering wees dat 'n huwelik sal slaag nie. Die ware, blywende krag van 'n goeie en gelukkige huwelik lê in die liefde — ⊗ met al sy vreugde en verrukking, maar ook met al sy misverstand en hartseer. Want sonder die spanninge, die misverstand, die botsings

⊗ 'n liefde wat in Xtus gewortel is. Wat beteken dit? 'n Liefde wat dieselfde inhoud, motief, doel het as die liefde wat Xtus aan alle mense aangebied het

Kan die liefde nie groei nie. Die geheim van hierdie groei lê daarin dat 'n getroude paar sal verstaan en leer hoe om hierdie verhouding te hanteer: die lig én die donker daarin, die hoogtepunte van geluk én die laagtepunte van spanning & misverstand.

[Huweliksuitnodiging: Rooi siel met voorletters – simbool]

As daar een wens in my hart is vir julle, Gené en Jéan, is dit dat julle liefde so sal groei. Ek glo nie dis eerlik om te kan sê dat julle nooit spanninge en misverstand in julle huwelik sal ondervind nie. Ek wil baie liewer julle terugroep na die Kern wat julle sal help om misverstand te oorkom: Kol. 3 : 14

Bewaar daardie liefde, voed daardie liefde, ~~en~~ werk bewustelik daaraan om dit te voed. Dis 'n fyn plantjie wat met sorg gevoed moet word. As julle dit doen, kan julle seker wees: julle liefde sal groei, en God sal daardie liefde seën.

---

Gebed: Ons begin, ons voortgang en ons voleindiging is in die Naam v.d. Here wat hemel + aarde geskep het en almal + alles wat daarin woon

Seëngroet: Genade en vrede word u almal toegebid van God die Vader, deur Jesus Christus die Heer in die krag van die Heilige Gees

Amen.